Grey Kollege Sekondêr BLOEMFONTEIN Grey College Secondary | www.gcb.co.za
JAARGANG | VOLUME 51 • UITGAWE | EDITION 1
Maart | March 2017

# STABILIS

# HOCKEY HITS HOME

## First team proves far too strong for Waterkloof



During the past Grey Sports Day our hockey teams played against Waterkloof High School and Southdowns College. Daniel Rankotha proved to be one of the stars in an 8-1 win for the first team against Waterkloof. Photo: Supplied

## nuus

### Grey sê PROST vir 'n Duitse vriend



Bladsy 2

## news

### Smoking still kills people



Argue as you will, scientific proof tells otherwise. Teenagers especially think it's cool to smoke, but eventually realise that they serve a harsh addiction. Page 4

## kultuur

### Me Venter groet

Me Celesté Venter word voltyds ma en PA vir P+ Arc. Bladsy 5

## in depth

### Social media is an addiction

Applications such as Facebook, Instagram, SnapChat, Pinterest and other games have become acceptable addictions. Page 8

Instagram

## journal

### Nkosi Sikelel iAfrika

Singing of the National Anthem during assembly leads to controversy and unhappiness. Page 9

Vodacom
Power to you

Incredible tailor-made offers. Dial *123# every day.

Standard terms and conditions apply. VAT inclusive. E&OE. For full terms and conditions visit www.vodacom.co.za and for more information call 1187. Just4You presents you with personalised offers on *123#, so offers presented to you may not be the same as offers presented to another customer, and offers presented to you today may not be the same offers presented to you tomorrow. Visit vodacom.co.za/just4you for full details.

Just 4 You
Dial *123# Every Day

## A new year brings a new beginning

Ms Heidi van der Westhuizen is new to English FAL.She has always had a passion for teaching to the point that since she was a little girl, she used to teach her dolls.

After 20 years of teaching English Home Language at HTS Louis Botha, she decided that a change was necessary. Ms van der Westhuizen says the spirit, traditions and assembly periods of Grey are on a level she has never experienced before and that she adores the assembly periods. She is a great fan of the slow song on a teacher's birthday; she says it gives her goose bumps and she can't wait for her birthday.

Mr Adolf Swiegers is a new Social Sciences teacher. Mr Swiegers says the reason he chose teaching as a career was because that he wanted to just make a difference in lives and to help the youth reach their full potential.

He also commented that being the sport fanatic he is, coaching played a big factor in choosing teaching.

He has been a teacher for ten years and upon being asked why he chose to come to Grey, he said, "If you want to be the best, learn from and work with the best."

He is also a fan of the Grey spirit and believes that the school assemblies are truly legendary and something special that we shouldn't let go of. Mr Swiegers leaves us a quote for the learners, "Stop making excuses for everything and just live life to the fullest."

**- BENSON WU**

# Uitruilstudent se ervaring by Grey

*Die skool is wonderlik - maar hy mis die Deutsche Mädchen*



**Christopher Thiel is 'n oortuigde Grey-man na slegs 'n kwartaal by Grey.** **Foto: Verskaf**

Al het Christopher Thiel die wêreld al deurreis, het hy nog niks ervaar soos die Grey tradisie en gees nie.

Chris is in die graad 10 Engelse klas en verduidelik dat die periodes anders werk as in Duitsland, waar hulle heeldag in een klas bly. Die skole begin 8:10 en eindig op verskeie tye in die middag. Die skole is ook baie kleiner met minder mense en hulle dra nie skooluniforms nie. Hy verduidelik ook dat jy vinnig geskors sou wees as jy enigiets sou doen wat die Grey stad- of koshuisleerders aan mekaar doen. In Duitsland bestáán daar nie 'n skool waar jy net in matriek op die gras mag loop nie. Hy mis ook al die Duitse meisies, oftewel die *Mädchen*.

Chris meen dat sy tydperk in Grey en veral die saalbyeenkomste vir hom 'n wonderlike ervaring was, en dat hy daarna uitsien om vir almal van sy Grey ervaring te vertel.

**- REINHARDT GROBBELAAR**

# Graad 8 stryders is gerat om die toekoms met moed aan te durf



**Louis James (2de van links) en Jaco van Heyningen (regs) en twee trotse troepe.** **Foto: Eric Diswane**

Elke jaar is daar nuwe bloed. Op 9 Januarie het Grey 'n nuwe groep graad 8-leerders verwelkom. Na die verrigtinge in die Reüniesaal was daar 'n braai met die seuns en hul ouers op die sirkel. Die koshuisleerders het daarna Murray-huis toe gegaan - waar hulle nuwe avontuur begin het.

Die jong manne het in hulle eerste week nie skool bygewoon nie, maar het 'n "Grey leerskool" in die Pawiljoen bygewoon. Die leerders kon na 'n besige naweek uitsien, waar hulle saam met die prefekte by die swembad oornag het. Die Saterdag was Oranje se jaarlikse Sotte Sokkie in die M.L. Spies saal.

Die volgende naweek het die graad 8-leerders na Moolmanshoek vertrek. Die leerders, asook 'n paar prefekte en onderwysers, het in talle aktiwiteite deelgeneem waar almal mekaar beter leer ken het.

Die jong manne moes Grey-*guts* wys om een van die koppe uit te klim. Mnr Stefan Pretorius het gesê dat van die aktiwiteite vir baie ouens 'n uitdaging was en hy moes 'n paar gevalle manne aanmoedig om verder te gaan.

Henk Cilliers, onderskoolkaptein van stad, sê: "Ek kon voor my oë sien hoe hierdie ouens ontwikkel en hoe hulle mekaar help. Hulle kan nog een van Grey se beste groepe word."

Die graad 8-manne het hulle dasse en streepbaadjies by 'n spesiale funksie in die Reüniesaal ontvang - hulle is nou régte Grey- manne.

Die winterseisoen is nou naby en almal kan sien hoe die graad 8's proewe speel om Grey te kan verteenwoordig in die beste moontlike span. Hierdie groep het die potensiaal om die skool nog trots te maak.

'n Mens moenie hierdie klein mannetjies onderskat nie.

**- EDUAN TRUTER**

**NEW SWISS TECHNOLOGY**
BETTER PRICE, LONGER LASTING QUALITY
To qualify for these prices, please provide us with the keyword: Grey Stabilis
3-5 year Vinyl
R99 /m² excl vat
1225mm x 2450mm
Chromadeck Board
R700 excl vat
valid till 30 April 2017
SA PrintGroup
Phone: 086 1000 730 • quotes@saprintgroup.co.za

## Van die verhoog tot op die rugbyveld is daar vernuwing

**Me Mia-Anne O'Kennedy** het aan die begin van Maart by Grey Kollege aangesluit. Sy het haar BA Dramagraad by die Universiteit van Pretoria behaal. Sy het gewerk in televisie en film, in o.a. *Villa Rosa, 7de Laan, Shreds and Dreams, SomerSon, Suiderkruis* en *Rowwe Diamante* vertolk.

In 2012 het sy as Drama-onderwyseres by die Hoërskool Menlopark begin werk. Sy is getroud met Jeremy David. In Maart 2017 het me O'Kennedy se Grey-ervaring begin, soos sy dit stel, "absoluut met 'n dankbare hart."

Me O'Kennedy is betrokke by Kuns en Kultuur asook Tegnologie en sy sal ook betrokke wees by die Dramaklub se aktiwiteite.

Sy sê dat Grey vir haar met die eerste oogopslag 'n ongelooflike indruk geskep het, en dat die personeel haar met 'n warm hart verwelkom het. Dis goed om te hoor dat die seuns, met respek en vriendelikheid, me O'Kennedy dadelik laat tuis voel het.

**Mnr Anton Smit** was voorheen verbonde aan Jim Fouché Hoërskool, waar hy sy vrou ontmoet het. Hy het B.Ed (Hons.) by die SUT gestudeer.

Sy eerste dag by Grey was vir hom 'n ongelooflike ervaring. Dit was nog altyd sy droom om by Grey skool te hou, want dit is vir enige onderwyser 'n *upgrade*. Sy ideaal is om sy voete te vind en homself te vestig. Hy sal ook graag verder wil studeer. Hy bied tans graad 8 en -9 Tegnologie asook graad 10-12 IGO aan.

Vir ontspanning vang hy graag vis en is baie lief vir die buitelewe.

Hy is ook lief vir sport en is betrokke by verspring, driesprong en hy en mnr Fanie Reynders werk met die o/16 C en -D rugbyspanne.

Mnr Smit is gaande oor rugby en het vyf jaar vir die SUT IXIAS rugby gespeel totdat 'n nekbesering sy rugbyloopbaan gekelder het.

**- NEO HUMAMPE**

## SHORT NEWS

### Two new First Mates appointed to help steer the Grey ship on the right course

After months of suspense, two worthy gentlemen were recently announces as the new vice-principals at Grey College. Mr Alex Els and mr Pieter Wessels are to serve as the new First Mates to steer the huge ship that is Grey College. Although mr Els had been serving as interim vice –principal - together with mr Dries van der Wal - since mr Tommie Cronjé's retirement last year, the need for an official appointment was essential.

These two Grey gentlemen have served the school for many years and will most assuredly continue to do so – albeit on a different level. In addition to their duties as vice- principals, messrs Els and Wessels will continue to teach their classes. Judging by their comprehensive job descriptions, one can be thankful that these two gentlemen have the stamina to do what is necessary.

Mr Wessels views this as a job like any other, but with added responsibilities. He aims to emphasise improvement in all spheres. He is still settling in but intends investigating possibilities for the near future, as he believes that a stagnating school gets left behind. He aims to improve Grey's work ethic – to work harder and with more insight; to understand one another and to add value to those around us.

Mr Els is eager to take on the new challenges that lie ahead and to measure himself against his new responsibilities. He has definite plans and believes that one should never stop dreaming – he is definitely not too old to stop dreaming. He has no definite plans yet to implement anything new, as his stipulated duties will be his first priority.

**- RELE TSOAI**

## Heroes of the blue save a man from drowning

The first rule of any dangerous situation is SELF RESCUE. This is particularly true in cases of rescueing victims of drowning in the sea. One should always grab a board or a buoy for the victim to take hold of and stay as far away from the victim as possible. The danger is always there that the panicked person will grab hold of his rescuer.

Old-Grey Dylan Francis and his brother Brandon, in grade 11, showed tremendous Grey guts in the December holiday by rescuing a man who was drowning in the sea at Ballito near Durban.

Brandon and Dylan were on holiday with their family and were spending the day on Willard Beach. The place where the incident took place was not at a designated swimming beach, it was high tide and people were not allowed to swim at the time. There were also no life guards on the beach at the time of the incident.

Brandon Frances said, "It was just in the moment, I didn't even think twice. The first thing that popped into my head was to save the man." Dylan was the first one to see the incident. Once he realised what was going on, he jumped up and ran straight to the sea. Brandon saw the man pushing his brother under the water. He then grabbed a surf board and ran to his brother's rescue. Once both were in the water, the man held onto the board and the brothers pushed him back to shore. The boys' father said, "It could have happened to any one of the three of us. It only shows how fortunate we really were."

Dylan, who matriculated last year, is now studying a BA degree at the UFS and hopes to pursue his cricket career there.

**- TRAVIS JANBROERS**

# Grey Kollege groet nog 'n 'groot gryse' wat gaan rus

## *Philip Holliday se van is sy toekomsplanne*



**Dierbare Mnr Holliday is altyd reg met 'n glimlag en 'n gawe woord. Foto: Verskaf**

Grey Kollege het einde Januarie vir mnr Philip Holliday gegroet. Hy het vir 33 jaar sy hart vir die skool gegee het. Die liefde vir sy vak kon hy met passie oordra aan die leerders en dit was vir hom 'n voorreg om met die harte van jong manne te werk.

Hy sien uit daarna om meer tyd aan sy familie en vriende te bestee. "Miskien sal ek weer vier wiele in die pad gooi en met oorgawe my stokperdjies beoefen," was sy woorde.

Sy wyse raad vir jong onderwysers is dat hulle betrokke moet wees waar hulle kan en dat hulle elke oomblik moet geniet. Hy het klem daarop gelê dat hulle die tradisies by Grey moet laat voortbestaan. Hy glo ook dat die geheim tot sukses is om 'n gesonde balans te handhaaf tussen jou gesin en jou werk, tot voordeel van beide.

Die ryk tradisie van die *Grey Way* maak van Grey Kollege 'n baie spesiale plek en skool. Dit is nog altyd die dryfkrag agter die suksesse van Grey. *Grey in Union* staaf die krag van Grey, is die waardevolle mening van mnr Holliday.

Mnr Jannie Geldenhuys, wat van graad 10 tot 12 by mnr Holliday klas gehad het, meen dat sy IGO-vaardighede baie by mnr Holiday verbeter het en dat dit een van die lekkerste klasse op sy rooster was. 'n Belangrike les wat mnr Geldenhuys by mnr Holliday geleer het is dat as jou passie jou werk is, jy nooit 'n dag in jou lewe sal werk nie.

Mnr Holliday het die Grey-seuns met 'n Somaliese gesegde wat hom baie na aan die hart lê gegroet: "If you want to go fast, go alone. If you want to go far, go together."

**- DE BRUYN GROENEWALD**

## Twee nuwe leeutemmers is in die dieretuin aangestel

Grey-seuns word geleer van respek, goeie gedrag en dissipline van hulle eerste dag in Grey. Maar 'n man vergeet soms. Dan moet die geheue bietjie verfris word, en daarvoor het 'n mens ystermanne nodig.

Die ystermanne moet geduld en empatie hê en tog sorg dat die manne sag maar ferm op die smal pad van geregtigheid gehou word; dit is nie altyd 'n maklike taak nie. Die regte manne is egter gevind.

Aan die begin van die jaar is mnre Geldenhuys en Pretorius onderskeidelik as die skool se nuwe junior- en senior dissipline-hoofde aangestel. Dit is belangrik dat hulle moet saamspan om gevolge van oortreders se dade konsekwent toe te pas. Hulle help mekaar ook met verskeie administratiewe take.

Mnr Geldenhuys sê dat daar vanjaar gefokus sal word op die klein dinge, bv. dat kinders moet opstaan vir karre en volwassenes. Verder voel mnr Geldenhuys dat die skool nie op 'n slegte plek is rakende dissipline nie, maar dat hy sal wil streef om trots in die Grey-manier te kweek. Dit sal leerders motiveer om reg op te tree, eerder as om net 'n klomp reëls te volg. Mnr Pretorius stem saam en sê dat die dissiplinêre kode slegs toegepas moet word in gevalle waar seuns die grense toets.

Mnr Pretorius sou graag groter druk wou plaas op seuns wat aan geen skoolverwante buitemuurse aktiwiteite deelneem nie. Hy sê dat dit dikwels ook dié kinders is wat dissiplinêre probleme veroorsaak en hy beoog dat hierdie kinders na skool gemeenskapsdiens op die skoolterrein doen. Hy sou ook ouerbetrokkenheid rakende dissipline wou verbeter, aangesien ouers 'n groot rol speel in die gedrag van kinders by die skool.

Mnr Geldenhuys voel dat toe hy op Grey was, dissipline op leerders afgedwing was. Hy wil daarom nou eerder leerders oortuig dat dit in hulle en in die skool se beste belang is om opgevoed op te tree en so dié optrede deel van die skool se waardes te maak, eerder as wat dit geforseer word.

Mnr Geldenhuys hoop dat die volgende woorde in elke Grey-man se hart sal neerslag vind:

"Jou optrede is 'n spieëlbeeld van wat in jou hart is. Maak seker jy straal iets uit waarop jy, jou skool en jou ouers kan trots wees."

**- CAREL GREYLING**



**Jannie Geldenhuys en mnr Putu Pretorius. Foto: Eduard Büchner**

WISDOM TEETH ISSUES?



Make an appointment with one of our specialists for expert assistance. **CURE DAY CLINICS BLOEMFONTEIN** is the ideal state-of-the-art facility for wisdom teeth procedures!

**CURE – CONVENIENT, AFFORDABLE, FRIENDLY AND PROFFESIONAL.**

**Dr Hoek** (Maxillo-facial surgeon) on **051 430 5647**,
**Dr Floris Kotze** (Dentist) on **051 444 2350**
or contact the hospital for assistance on **051 072 0018**.
marketing@cdc-bloemfontein.co.za | www.curedayclinics.co.za

29 Poole Street,
Brandwag, Bloemfontein
**FB:** CureDayClinicsSA

GROUP OF DAY HOSPITALS

cure DAY CLINICS

SPECIALISED DAY SURGERY

## A reminder of the *'no'* benefits of smoking

So you smoke a cigarette once in a while. Is that really such a big deal? Well - yes. The same old arguments really, truly still apply.

Smoking has long been associated with being *cool*. Studies show that nearly 47% of all teenagers have tried a cigarette or are chronic smokers and this trend is growing despite studies emphasising the risks. Smoking is dangerous to teenagers as it can affect growth and lead to premature ageing.

Cigarettes contain tar which is very detrimental to the lungs. Cigarette smoke can lead to cancer, whether it is direct or caused by second-hand smoke. Damaged cells in the lungs start to replicate and this doesn't stop, resulting in lung cancer.

When smoke is inhaled it diffuses into the blood and these organs are under extreme stress to deal with the chemicals produced by cigarette smoke. The smoke also contains 53 carcinogens.

So should smoking still be a trend? The detriments outweigh the benefits by far. It is a dangerous habit and a highly addictive one, but it is never too late to quit.

**- TIMOTHY DU PLESSIS**

## NB DATES

**31 MARCH:** School closes
**31 MARCH -2 APRIL:**
***Athletics:***
SASA Nationals (Durban)
**31 MARCH-5 APRIL:**
***Rugby:*** /14 tour (Paarl)
***Hockey:***
/16 & /18 Nomads (Hilton)
**4-8 APRIL:**
***Swimming:*** SAs (Durban)
**12-15 APRIL:**
***Tennis:*** St Stithian's
**18 APRIL:** Schools open

# Hierdie vlammende tradisie sal nooit geblus word nie

## *Twee rekords bly in die slag tydens gala*



**Die optogte by die gala is altyd iets sensasioneel.** **Foto: Stefan Verhoef**

Vir baie leerders gaan dit oor die optogte, die Eunice- en Oranjemeisies wat hulle dophou, die sosiale interaksie en die pret. Dis goed en reg so, maar vir die ywerige swemmers is die interhuisgala 'n saak van erns.

Die gala tussen Stad en Koshuis het vir groot opwinding gesorg. Aldurette Kriel, 'n graad 9-leerder in Oranje Meisieskool sê: "Die optogte van beide Stad en Koshuis was dié jaar fantasties."

Ben Kennedy, een van die matrieks wat stad se optog gelei het, sê: "Dit was moeilik om oorspronklike idees te kry maar 'n paar van ons het koppe bymekaar gesit en dinge het vinnig in plek geval. Die optogte is een van die hoogtepunte van die gala."

Stad wen dié jaar gala die jaar met 1860 punte, teenoor Koshuis se 523. Twee rekords het weer hierdie jaar in die slag gebly: Joshua Hamilton se 100m borsslag in 'n tyd van 1:09,32 en Gawie Nortjé verbeter die bestaande rekord van Zane Waddell in die 50m kruipslag met 'n tyd van 24,85 s. Daar word elke jaar 'n elektroniese tydapparaat gehuur om die korrekte tye van die swemmers te verseker.

Die beste swemmers in die onderskeie ouderdomsgroepe wat die meeste punte ingesamel het, is Jurie Geldenhuys, Luan de Waal, JP Seyffert , Juan-Luke Hamilton en Robbie le Roux.

Me Heléne du Toit is baie tevrede met die swemmers se tye en prestasies, asook met die optogte. Sy wil ook elke toeskouer en swemmer bedank vir die suksesvolle afloop van die gala. Me Du Toit bevestig:" Grey se swem is kerngesond en ons sien uit na die res van die swemseisoen."

**- VLADIK SEAGREEN**

## Jy kan hardloop maar nie wegkruip nie - Grootbroer loer

Me Andri Smith het die seuns onlangs toegespreek oor die gevare wat sosiale media inhou. Kinders kan nie meer net "streetwise" wees nie maar eerder "social media wise".

Verskeie sosiale media platforms soos Instagram, Facebook, Snapchat, Whatsapp en Twitter laat kinders toe om te volg wat in ander mense se lewens gebeur, vining te kommunikeer en mense oor die internet te ontmoet – maar hulle kan geteiken word deur kuberboelies. Kinders kan maklik verslaaf raak en ander aktiwiteite in hulle lewens afskeep, en depressief raak omdat hulle blootgestel word aan onrealistiese doelwitte en verwagtinge. Werknemers het nou ook begin mense op die internet ondersoek voordat hulle vir hulle werk aanbied. Dit gee vir hulle 'n idee van wie die persoon is en watter beeld hy van homself op sosiale media skep.

Wees versigtig oor watse persoonlike inligting jy op verskillende webtuistes plaas. Stel jou mediaprofiel sodat net jou vriende en familie kan sien wat jy oplaai. Voordat jy iets publiek maak moet jy jouself 'n paar vrae vra: sal jy gemaklik wees daarmee dat jou toekomstige baas dit sien? Wat sal jou ouma daarvan sê? Kan iemand wat nie van jou hou nie dit teen jou gebruik?

Sosiale media is egter nie net negatief nie. Mark Zückerberg het tog miljoene gemaak uit Facebook; iemand anders kan sekerlik ook 'n goeie besigheid uit sosiale media skep.

Dit is 'n manier om jouself uit te druk, 'n geleentheid om jou kreatiwiteit te gebruik en ander mense te inspireer deur positiewe dinge op te laai. Sosiale media moet met versigtig gebruik word. M.a.w. dink voordat jy iets plaas.

**VLADIK SEAGREEN**







## PROFIEL

# Waar in die wêreld is... Gustav Gerdener

Van rugby-, krieket- en gholfspelers hoor 'n mens baie; die swemmers en die atlete is in die nuus. Maar dan sien 'n mens een aand *Swartwater* op televisie en jy onthou van *Bloedbroers*... en die naam begin vir jou bekend klink.

Gustav Gerdener het in 1997 matriek geskryf. "Die tyd by Grey voel soos 'n leeftyd gelede en tog soos gister. Ek het nou byna 20 jaar gelede matriek geskryf het en al ons jaar se manne is steeds in kontak. Daar word hegte broederskapbande gevorm. Omtrent almal praat nou al 'n jaar lank van die opkomende reünie," sê Gerdener.

Na sy matriekjaar het sy kop Drama toe gestaan, maar sy liefste pa het bloot geweier. Hy skryf toe maar in vir Kommunikasiekunde. Nadat hy omtrent al sy vakke gepluk het, het sy pa het toe uiteindelik die lig gesien en ingestem dat hy gaan Drama studeer. Na sy studies het hy vinnig besef dat Bloemfontein nie 'n industrie het nie, en hy gaan toe sak-en-pak Kaapstad toe. Na 'n jaar van toer in kinderteater kry hy toe 'n klein rol in *7de Laan*. Daarna het hy via 'n lang ompad *Lang Dagreis na die Nag* van Eugene O'Neill opgevoer, saam met swaargewigte in teater, Marius Weyers en Antoinette Kellerman.



**Gustav Gerdener** **Foto: Verskaf**

Na 'n paar jaar in Johannesburg slaan hy 'n rol los in Deon Opperman se *Donkerland* reeks en daarna verskyn hy in omtrent elke sepie op televisie.

Toe nader Deon hom om in *Bloedbroers* te speel - loshande een van die ongelooflikste ervarings van sy lewe. Hy sê ook die Sean Else film *Modder en Bloed*, "was koud, kliphard, maar lekker !" en dan ook 'n Amerikaanse riller wat in Johannesburg geskiet is, *From a House on Willow Street*.

Tans werk hy aan 'n reeks vir SABC 2, *Swartwater* en ook *Getroud met Rugby*. Binnekort gaan hy Kaapstad toe gaan om verfilming te begin aan die Britse reeks, *Outlander*.

Hy sê dit mag vir sommige mense verrassend wees maar Grey het hom nederigheid en dankbaarheid geleer.

Mens moet nooit dink dat jy vir die res van jou lewe neus in die lug kan rondloop en dink jy is beter as ander bloot omdat jy in 'n goeie skool was nie. Grey-seuns is bevoorreg om in 'n goeie skool te wees, so vat daardie lesse in menswees en gaan deel dit met die wêreld. So maak elke man sy merk in die wêreld.

**- DYLAN BARNES**

# Music Festival organiser finds greener pastures

## *Ms Celesté Venter bestows talent for 12 years*



Ms Celesté Venter performing at the Music Festival. Photo: Supplied

Ms Celesté Venter has resigned her position as teacher at Grey, effective from 3 March this year. Ms Venter started her career at Grey College in 2006, and so became a part of a place she'd only heard of before. She was a music teacher at Jim Fouché Primary and a fulltime cellist in professional orchestras and ensembles.

During her time at the school she taught several subjects, including Social Sciences, Music, Life Orientation and her main subjects, Technology and Creative Arts. Not only was she a teacher but she was also involved in numerous other activities at the school such as the Stabilis; she was teacher in charge of the Grey Ensemble; she organised culture evenings and the annual Music Festival.

During her involvement in the school's music, the ensemble never achieved less than an A+ in any Eisteddfod. Ms Venter recalls her most unforgettable experience in the school as when 2006 head boy Danie Calitz sustained a serious head injury during a rugby match.

She realised then that Grey College is a family that stands together, cares about one another and carries one another through difficult times. She explains that what she will miss the most about the school is the boys' humour and the "light bulb" moments when she explains something to them and they understand.

Her future plans include raising her three children and spending more time with them. She also plans on helping her husband in his work as an architect and to become more involved in music. Her advice to other teachers is to always look upon students with compassion and be careful not to stereotype any learner.

- REINHARDT GROBBELAAR

## Die wortels van die huidige Musiekfees lê in 1983-Koorfees

Wat huidiglik bekend staan as die Grey Musiekfees het in 1982 ontstaan as die Grey Koorfees. Die eerste Koorfees is gehou op die inisiatief van dr. M.G.Heyns (skoolhoof van 1980 tot 1992). Aanvanklik is kore van oor die hele land genooi.


Die eerste Koorfees het plaasgevind in die Eeufeessaal. In 1983 en 1984 is dit aangebied in die Bloemfontein Stadsaal. Die toenemende gewildheid van die fees het egter 'n skuif na die Sand du Plessis-teater genoodsaak in 1985. In 2005, met die viering van die skool se 150ste verjaarsdag, is daar besluit om die Koorfees om te skakel na 'n volwaardige Musiekfees, in aansluiting by hierdie spesiale geleentheid. Hierdie idee het ontstaan by mnr Johan Volsteedt (skoolhoof van 1993 tot 2012).

Die fokus van die nuwe Grey Musiekfees was op die ryk verskeidenheid musiektalent van die Greyseuns, in samewerking met bekende kunstenaars, om die gewildheid en trefwydte van dié Fees verder te verbreed. Musiekpersoneel soos Debbie Brink, Yvette Schoeman, Marilese van Rooyen, Celeste Venter en Joanie Prinsloo het elke jaar besondere bydraes gelewer om van die Fees 'n reuse-sukses te maak.

Verskeie van Suid-Afrika se topkunstenaars het oor die jare by die Musiekfees opgetree. Hierdie kunstenaars sluit in Charl du Plessis, Jennifer Jones, Karen Zoid, Theuns Jordaan, Anna Davel, Lize Beekman, Nianell, Laurika Rauch, Coenie de Villiers, Valiant Swart, Jak de Priester, Elvis Blue, Nadine, Adam en Charlize Berg.

Die Grey Musiekfees is 'n toonvenster van die ryke kulturele verskeidenheid wat Grey Kollege bied en 'n kulturele hoogtepunt in Bloemfontein en die Vrystaat.

- MICHAEL BEUKES




## Oddo Bam will bring something fresh

Otto Bam is a musician from Stellenbosch, performing under the stage name *Oddo Bam*. Not only is Otto an Old Grey, but he is also the Old Grey artist invited to perform at the Grey Music Festival this year.

*Oddo Bam* is committed to create a meaningful and thoughtful brand of music. He started performing as a solo artist in 2014 and released his first single, *"Sweet Ocean"*, in January 2015. Oddo regards himself as a true artist who concentrates on creating something special. He says, "I have found various outlets for my creativity over the years – I played violin and drums for quite some time before writing my own songs. Song-writing has, however, proven to be the best outlet for me."

Shortly after his first single he also recorded his first EP, *The Snow Burial*. The EP was eventually released in September 2015 and features four lyrically loaded songs, fully displaying his creative ability. Over the past two years he has succeeded in raising R60 000 through 'crowdfunding' aimed at financing his debut album.

The debut album, titled *The Fox and the Furrow*, was officially released on 31 October 2016. A music video of the first single released from this album, *"Winter Tree"*, has proved to be extremely popular. Otto is at the beginning of a promising music career.

REINHARDT GROBBELAAR

## Drama-spesialis se kundigheid hou groot belofte in

Me Brenda Myburgh het haar skoolloopbaan deurgebring by Oranje Meisieskool. Na haar studies en vele omswerwinge sluit sy haar aan die begin van vanjaar as leerkrag in die Kuns en Kultuur-klas by Grey aan.

Sy het 'n graad in drama, asook 'n kwalifikasie in onderwys verwerf aan die Universiteit van die Vrystaat. Dit was ook hier waar sy haar honneursgraad in drama voltooi het. 'n Paar jaar gelede het me Myburgh boonop 'n sertifikaat in teologie ontvang by die *Baptist Theological College* in Johannesburg.

Me Myburgh het aanvanklik in drama begin belangstel in haar laerskooljare, waar sy veral geleer het om mooi en duidelik te praat. Tóe al was dit duidelik dat sy 'n talent gehad het vir die dramatiese kunste. Sy het reg deur haar hoërskool-loopbaan drama gedoen by mev. Petro Muller, 'n bekende by Grey se jaarlikse Musiekfees.

Dit is veral haar onderwyskwalifikasie, HOD, wat vir haar baie deure oopgemaak het, verál toe sy en haar man na Londen verhuis het. Hulle het vir 8 jaar daar gewoon. Sy het as onderwyser gaan werk en het dadelik deel van die skool se drama-afdeling geword. Sy is later as hoof van die drama-departement aangewys. Sy was betrokke by menige van die skool se produksies. Me Myburgh was ook 'n eksaminator, wat finale eksamens geeksamineer het vir die Londense skole.

Me Myburgh is reeds baie betrokke by 'n magdom skoolaktiwiteite. Sy is in beheer van die skool se drama, wat insluit: die dramaklub, kunswedstryd, tienertoneel asook die Reza De Wet-kompetisie. Sy verleen ook haar hulp by die redenaars en G4C (Grey for Christ), 'n nuwe Christelike projek by die skool. Sy gaan óók intree, saam met mnr Hattingh Davel, by die Musiekfees en daar help.

Me Myburgh is selfs 'n profileerder. Sy het haar profielkursus by Hettie Brits se Immergroen-ouerskapskursus gedoen, waar sy nou 'n fasiliteerder is. Hulle gebruik die *"Tall Trees"*-stelsel. Dié profielstelsel verdeel mense se temperament in verskeie vlakke en sodoende leer die mense hulself beter ken en kan dit gebruik om te floreer in wat hulle aanpak en om hulle volle potensiaal te bereik. Me Myburgh sien dit as 'n voordeel in die klaskamer, want sy kan die seuns se persoonlikhede en manier van dink identifiseer.

Me Myburgh wil graag 'n groot verskil maak in die skool deur 'n inspirasie te wees vir al die seuns en daar is geen twyfel dat sy haar goed van haar taak sal kwyt nie.

- MICHAEL BEUKES



Me Brenda Myburgh in haar unieke klas. Foto: Hanro Cloete

HOBBIT
BOUTIQUE HOTEL
ESTABLISHED 1993
★ ★ ★ ★

SPESIALE NAWEEKAANBOD
R750 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.






# Toer-ervarings bly spesiaal

Elke oud-Greyman wat ek al ontmoet het, het stories om te vertel van hul skoolervaringe, veral van kattekwaad, snaakse insidente en herinneringe wat uitstaan. Hierdie stories het gewoonlik een ding in gemeen – Grey-toere. Grey-toere is sinoniem met Grey.

'n Grey-toer is nie net vir die toppresteerders nie. Almal kan hieraan deelneem, hetsy dit deur sport-, kultuur- of enige ander aktiwiteit is. Wat waar is, is dat toere '*memories*' maak.


Ek sal nooit die toer na Paul Roos in 2015 vergeet nie. Dit was die jaar toe ek in die o/14D-hokkiespan gespeel het. Die o/14D's was die enigste Grey-hokkiespan wat hul wedstryd teen Paul Roos gewen het. Ek hoor nou nog die applous vir 'n D-span die Maandag tydens saal. Dit was lekker!

Ons bus was die heel laaste een om uit Bloemfontein te vertrek, ten minste twee ure later as die tweede laaste een. Daaroor was ons nie juis ingenome nie. Dit laat mens regtig soos 'n D-spanspeler voel. Op pad daarheen, duskant Beaufort-Wes, kraak en breek een van die bus se vensters toe. Dit is Augustus in die Karoo – snerpend koud. Dit beteken dat ons moes wag totdat die ruit vervang is.

Die pad Kaap toe het lank geword. Ons het heel laaste daar aangekom. Die arme ouers wat ons moes huisves was vroeër al daar en het maar weer terug huistoe gegaan en ons later weer kom optel. Ons gemoed was swaar en het aanvanklik nie veel van ons oorwinning gedink nie. Dit het egter deur die loop van die dag verbeter soos al die spanne verloor het.

Wat het ons hieruit geleer? Die gedeelde ervaringe en vriendskappe wat op toere gevorm is, hou vir ewig. Die oud-Grey-manne getuig daarvan. Ek was bevoorreg om weer 'n keer by my Paul Roos gasouers te kon tuisgaan en ek het nog steeds kontak met van die Paul Roos-manne. Ek sien uit om hulle vanjaar weer te sien. Ek daag alle Grey-manne uit, neem deel en sorg dat jy op 'n toer gaan.

Dit is lekker om op ons veld kringetjie om ons *1st Team* te maak na 'n wen, dit is ekstra spesiaal om dit te doen by Paul Roos, Affies, Grey PE en al die ander plekke. Jy sal net weet as jy self daar was.






## Grey-manne is mos nie arrogant nie ...

***Geagte redakteur***

Ek was een van vele ondersteuners wat die Grey Sportdag bygewoon het. As oud-Grey is dit altyd lekker om die eerstespan se eerste wedstryd van die jaar te aanskou.

Dit is altyd opwindend om 'n nuwe span se sterk- en swakpunte vroeg in die jaar te bestudeer.

Die gehalte van hul spel het ook nie teleurgestel nie en Waterkloof is behoorlik met die kous oor die kop teruggestuur na Pretoria. Die onderlinge ondersteuning van die spelers op die veld was opvallend, soos wat by Grey die gebruik is. Dit is duidelik dat daar 'n goeie spangees is.

Wat egter 'n wrang smaak in die mond gelaat het, was die onnodige geniepsigheid van die toeskouers op die Grey-pawiljoen. Op 'n stadium sing die Grey-manne: *"We call on Klofies to score us a point (some points)"*, waarna Waterkloof tereg twee drieë aanteken.

Verskeie Waterkloof-ondersteuners het dit as neerhalend beskou. Hulle voel dat dit nie goeie sportmanskap reflekteer nie.

Dit is iets wat nie by Grey hoort nie. Ondersteun eerder ons eie manne om nog beter te presteer. Ons is mos nie arrogant nie!

***Nog steeds 'n Grey-ondersteuner***

# Janco stel hoë standaarde aan homself

## *Veelsydige sportman mik na dubbele nasionale kleure*




Izak Adendorff en Janco van Heyningen geniet Six Cokes by Grey Together. Foto: BJ Vorster




Gunstelinge:

Koeldrank: Sparletta

Fliek: Mavericks

Restaurant: Fullhouse

Liedjie: I won't give up on us.

Rugbyspan: Chiefs

Quote: "It takes hard work and good people."

*Hoe lyk jou oefenskedule elke dag? Tussen rugby en atletiek?*

Ek gaan elke dag na skool gimnasium toe, waar ek ten minste vir 'n uur of twee oefen. Van daar af sal ek 'n veldsessie by die rugby inwerk en na dit gaan oefen ek atletiek.

*Wat beplan jy vir jou toekoms?*

Om 'n vol lewe te leef. Om elke dag die geleenthede aan te gryp wat na my toe kom en om 'n impak te maak op ander mense se lewens.

*In watter spanne/ oefen groepe is jy al ingesluit vir beide sporte?*

In rugby is ek ingesluit by die "Green squads", die SA-Skolespan en ook by die Vrystaatse skolespan. By atletiek is ek tans in die 2020 Olimpiese oefengroep ingesluit en ek hardloop ook vir die Vrystaatspan. My doel is ook om in atletiek prestasies op die hoogste vlak te lewer. Dit is vir my lekker om as veelsydige sportman te presteer.

*Wat is jou doelwitte vir hierdie jaar?*

Ek wil graag weer rugby speel vir die SA-Skolespan en ek wil graag die SA's wen in atletiek.

*Wat doen jy om bietjie te ontspan?*

In my vrye tyd, as ek tyd het, ontspan ek deur musiek te luister of om "series" te kyk. Dit gebeur maar min in 'n besige sportprogram; dus moet ek dit benut wanneer ek tyd kry.

*Wie het die grootste invloed op jou atletiek en rugby gehad?*

Robert Ebersohn. Hy het ook rugby gespeel en atletiek gedoen. Hy het sy allerbeste vir Grey gegee in beide atletiek en rugby en neem nou professioneel deel. Dit inspireer my baie. Wat ook in aanmerking geneem moet word, is die effek wat Grey-seuns op mekaar het wanneer daar aan sport deelgeneem word. Ons is nie tevrede voordat ons, ons heel beste gelewer het nie.

- IZAK ADENDORFF

REDAKSIELYS 2017

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Izak Adendorff
**Subredakteur: Nuus**
Dylan Barnes
**Subredakteur: Sport**
Christopher Schreuder
**Subredakteur: Diepte**
Hanru Bührmann
**Subredakteur: Joernaal**
Schaeffer Georgiou
**Subredakteur: Kultuur**
Jaco-Lou Bierman
**Hoooffotograaf:**
BJ Vorster

**NUUSREDAKSIE**
Eduan Truter, Travis Janbroers, Relebohile Tsoai, Carel Greyling, Timothy du Plessis, Neo Humampe, Vladik Seagreen, Benson Wu, Du Bruyn Groenewald, Reinhardt Grobbelaar

**SPORTREDAKSIE**
Johan van Eck, Henko Delport, Ferdinand Ferreira, Pieter Smith, Gustav Pieterse, Daniel Edwards, Bernhard Bührmann

**DIEPTEREDAKSIE**
Kolbé Kolver, Dapper de Wet, Brendan Rudman, Juan Milne, Bernard Scheepers, Wiesner Hechter

**KULTUURREDAKSIE**
Reinhardt Grobbelaar, Dirkie Laas

**JOERNAALREDAKSIE**
Valerio Cirelli, Nathi Mosala

**KUNSTENAAR**
Jan-Pieter Jacobs

**FOTOGRAWE**
Eric Diswane, Hanro Cloete, Eduard Buchner, Stefan Verhoef


*Contact STABILIS at: P.O. Box 13001, Brandhof, 9324 or e-mail: post@gc.co.za*

## Initiation lays the foundation for tradition

Throughout the years Grade 8 initiation has changed traditions or developed new ones. Some changes have had a positive influence on the school and some not so much. Initiation is usually said to be the building block of self-discipline and teaches the true Grey College values.

Hostel boys experience the full intensity of initiation. They are exposed to it before, during and after school. But the boys don't just experience unpleasantness during this 2-week period. They also experience a sense of involvement, spirit and team, which is the true meaning of Grey.

When the Grade 8 hostel boys were asked what they enjoyed most about initiation they said the best part was the unpleasantness, because through it all they worked together and gained more respect for each other and those older than them. They were also asked what they would like to change about initiation. The majority said they wouldn't change a thing. But there were some other pretty imaginative answers. One boy suggested that the city boys must spend the 2 full weeks of initiation at school with the hostel boys, since they aren't subjected to the same initiation as the hostel boys.

What people are most worried about is that in the future there will be no more initiation. The truth of the matter is that there will always be some form of it.

The traditions will be different, but some will still stay the same. Some people think initiation is just to strike fear into the hearts of new pupils, however it creates a bond between the boys, unites them and teaches them self-worth. Only the future holds the answer of what is to happen with Grade 8 initiation.

**- JUAN MILNE**

# Koshuis vs Stad = atletiek vs swem

## *Byeenkomste sorg vir grootste intersport-kompetisie*



AJ van Tonder, Koshuis se dirigent en Oranje bult hulle spiere vir Stad by die swemgala. Foto: Marnus van Wyk

Die jaarlikse Koshuis vs Stad-byeenkomste is oudergewoonte 'n hoogtepunt op die skoolkalender. Dis 'n tradisie wat strek sedert 1906. Dit het sy ontstaan gehad na Hoë Kommisaris, Lord Selborne, 'n trofee aan die skool geskenk het vir intergroep-kompetisies.

Na 'n onderhoud met mnr Volsteedt, voormalige skoolhoof van Grey Kollege, het die volgende egter duidelik geword: gedurende die ontstaan van die intersport-kompetisie in die jaar 1908, het daar destyds vier spanne aan die kompetisie deelgeneem waaronder; Murray-huis, Brill-huis, die Universiteit en Stad. Met verloop van tyd en soos fondse beskikbaar geraak het, is daar nog trofees aangekoop waaronder die Gunn-trofee, wat as trofee vir junior huiswedstryde, en die Bukes-trofee, vir die destydse swemkompetisie, nou bekend as die Grey-gala, aangewend was. Die beginjare van die intergroep-kompetisie was gekenmerk deur verskeie sporte, waaronder rugby, krieket, atletiek, swem en tennis. Dit het oor jare verander na slegs swem en atletiek soos dit vandag steeds die geval is.

Weens verskillende redes is die intergroep-kompetisie gedurende die jaar 1958 verander na slegs drie spanne om net weer dit na vier spanne te wysig gedurende 1960.

In die later jare, en meestal op versoek van die Grey-seuns, die is die formaat aangepas na slegs Koshuis vs Stad. Alhoewel die getalle van die stadseuns heelwat meer as koshuis seuns was, het die Grey seuns dit so verkies.

Die Grey-gala het met verloop van tyd 'n baie bekende sosiale geleentheid geword en is daar besluit om nog meer glans aan die gala te verleen deur die twee susterskole te betrek.

Beide Oranje Meisieskool as Eunice High School is met groot sukses by die geleentheid geïnkorporeer en maak hulle jaarliks, om die beurt, 'n gedugte span saam met óf Koshuis óf Stad.

**- DAPPER DE WET**

## Muisneste kan jou beursie en punte raak



Die Grey-seuns vlei en bederf die meisies op Valentynsdag. Foto: Hanro Cloete

Dit vat selfvertroue om met 'n meisie te praat. Om gereeld met jou meisie te praat sal jou selfvertroue bou en versterk vir ander take in jou lewe. Jy het dus altyd iemand om mee te praat. In 'n verhouding kan dit gerusstellend wees dat jy altyd iemand het om jou las mee te deel en iemand te hê wat jy vertrou met jou diepste geheime.

Die algemeenste nadeel van 'n verhouding is natuurlik die finasiële uitgawes. Valentynsdag is die grootste euwel vir jou beursie en dan is daar nog die paar sjokolades per maand, net om haar te bederf. Muisneste is egter ook 'n probleem - erger vir party as ander. Tydens 'n vervelige Biologie-periode sal jy eerder aan jou meisie dink as om na jou onderwyser se les op te let.

Belangrike lewenslesse kan geleer word deur verhoudings - vertroue, respek, kommunikasie en lojaliteit. Jy leer ook waarvan jy hou, of nie, in 'n ander persoon. Hierdie eienskappe is ook belangrik as jy eendag 'n lewensmaat moet kies.

Verhoudings is dus nie net maanskyn en rose nie. Alhoewel jy altyd iemand het om mee te praat kan dit probleme vir jou punte en beursie veroorsaak.

**- BERNARD SCHEEPERS**

## Die euwels en plesiere van 'Rage'

Matriekvakansies is deesdae meer as net 'n wegbreek see toe. Dit het ontwikkel tot reuse saamtrekke soos Plett Rage en Ballitto Rage – en die woord "Rage" verklap alles!

Sosiale media het ook verseker dat die matrieks se doen en late by Plett Rage 2016 die wêreld ingestuur is, wat ouers se oë laat rek het!


Het ouers egter rede om angstig te wees oor matriekvakansies? Me Heidi Joubert, maatskaplike werker van Bloemfontein, se dat 'n matriekvakansie "'n belangrike ritueel is om afskeid te neem van die kinderjare, en spesifiek die skooljare".

Deesdae se vakansies het amper 'n kultus-status bereik waar tieners se gedrag hand-uit ruk".

Mnr Ludwig Koekemoer, Grey-onderwyser, sê hy verstaan die nodigheid van 'n wegbreek aan die einde van die matriekjaar. Hy maan egter dat matrieks mooi moet dink aan die potensieële implikasies van byeenkomstes soos Plett Rage. Wat as "onskuldige pret" begin kan weens groepsdruk ontaard, en dan die wêreld ingestuur word deur sosiale media. So kan 'n jong volwassene se beeld en reputasie vir ewig skade lei.

Is volwassenes en ouers se bedenkinge hieroor geregverdig? Die meeste matrieks wat verlede jaar die Plett Rage bygewoon het, het dit skynbaar baie geniet. Hulle stem egter saam dat goeie oordeel, en vriende wat vir mekaar uitkyk en omsien, krities is in so 'n omgewing.

**- BRENDAN RUDMAN**

## Social media is no longer just innocent form of recreation

Eight Grey learners and two teachers interviewed said they believed one could easily become addicted to technology. Mr Craig Steyn says," I think it is an easy stimulant, it's something that draws attention. It is constantly changing and is visually appealing. Not a moment passes that the school boys don't know where their phones are or that they're not checking out their phones".

They all said that a cell phone was the most common device that people would get addicted to. People were also likely to become addicted to game consoles and television. "A matter of concern is that many people need to wear glasses, because the screen can really damage your eyes," says Tebo Matshele, a grade 11 learner.

Social media topped the list as to what the addict would be addicted to, followed by games. Mr Steyn said that he thinks the most common technological addiction is definitely social media. "The dangerous aspect is that people create this image of what life should look like. The sad thing is that you never post bad pictures or bad quotes, only the glamorous things, the great gifts. And the danger in that is a kid elsewhere is not getting all these things. It might affect him, make him wonder whether he really is loved."


The interviewees' average ages of addiction, according to Grey boys, emerged to be 14 to 17. But Sika Nkosi in grade 10 believes differently. "I have seen children from the age of 10 mostly on their phones, not even playing outside anymore."

Is it the screen stimulation that one gets from a screen or is it something else? Mr Chris Muller says that, "People use it as an escape because they are able to present a life there that other people can look at but not necessarily dissect."

**- KINAH GEERDTS**

# Aanlynsisteem is meer betroubaar

## *Grey-seuns stem entoesiasties vir hulle nuwe leiers*




*Grafika: Wiesner Hechter*

Die jaarlikse prefekverkiesing is 'n senutergende en opwindende tyd van die jaar, veral vir die graad 11's.

Weke voor die tyd bespiegel die seuns, en onderwysers, wie die skoolkapteins en die prefekte vir die volgende jaar sal wees. Twee weke voor die matrieks se laaste skooldag gee die graad 11's, wat staan om prefekte te word, toesprake aan die skool waar hulle kortliks kan verduidelik waarom daar vir hulle gestem moet word en wat hulle motiveer.

Vroeër jare is van die ou stembriefiestelsel gebruik gemaak, maar dit is vervang met 'n elektroniese-aanlynsisteem. Aanlyn word die seuns wat staan vir prefekte in twee kategorieë geplaas, een om 'n prefek te word en die ander om skoolkaptein te word. Dan word die stemme getel en op die huidige matrieks se laaste skooldag word die volgende jaar se prefekte en skoolkapteins aangekondig. Verlede jaar het daar 102 graad 11's gestaan om prefekte te word waarvan 34 prefekte geword het, insluitende die drie skoolkapteins.

Volgens mnr Craig Steyn wat betrokke is by die prefektepaneel is dit prefekte se plig om te sorg dat die onderwysers op dieselfde bladsy is. Hy sê dat daar deesdae meer vir leierskap gestem word en nie vir meer vir die populêre seuns nie. Volgens hom moet 'n prefek op kan staan teen wat verkeerd is en dit seker een van die belankrikste eienskappe is wat 'n prefek behoort te hê.

Onderwysers steun ook baie op die prefekte in hul registerklasse om te help met dissipline. Hy sê verder dat hy die afgelope paar jaar wat hy by Grey skool gee, prefekte gewerk het, en dit is baie interresant en lekker vir hom om met hulle te werk. Hy sê dat die drie skoolkapteins van 2017 baie potensiaal het en baie sterk persoonlikhede het.

Daar is al baie gevra of die stemstelsel van die prefekte regverdig is, en of daar nie net een kategorie moet wees waar daar vir graad 11's gestem word nie. Mnr Steyn sê dat die aanlyn stemstelsel regverdig en vertroulik is. Verlede jaar was daar 4% van die seuns wat nie gestem het nie, maar mnr Steyn sê dat die meerderheid darem altyd stem.

Die leiers van 2017 is definitief 'n goeie en standvastige groep en daar is vertroue dat die nuwe aanlynsisteem altyd prefekte en skoolkapteins sal oplewer wat die keuse van die Grey-seuns is.

**- WIESNER HECHTER**




As the only approved BMW dealership in Bloemfontein, Kimberley and Bethlehem, no one is better equipped and more passionate than Sovereign to give you - and your BMW - the treatment you rightfully deserve. In our showroom, we have a wide selection of new and BMW Approved Used Cars and offer a full range of services including Original BMW Parts, state-of-the-art service bays and BMW Financial Services. Whatever you need, be it a test drive, an evaluation, a service or a change of tyres, we're a phone call or email away.

**Call us today on 051 400 0000.**

**Sovereign**
Cnr Charles and First Avenue, Westdene
Bloemfontein
Tel. 051 400 0000
www.bmw-sovereign.co.za

BMW Financial Services (South Africa) (Pty) Ltd. is an Authorised Financial Services & Registered Credit Provider NCRCP2341.

# Hartklop van koshuisseuns is Grey

Daar word dikwels na die koshuis verwys as die 'hart' van die skool. Stabilis het ondersoek ingestel om uit te vind presies hoekom dit so is en ook waarom sommiges voel dat die koshuisseuns die gees van die skool bepaal en in stand hou.

Ferdinand Ferreira, 'n graad 11 leerder in die koshuis, sê: "Die broederskap by Grey is 'n hartklop op sy eie en die feit dat ons as koshuisleerlinge elke dag met mekaar leef beteken dat ons dié broederskap kan voortbou en die hartklop nog vinniger kan maak. Terwyl ons nog 'n wanpersepsie het van Grey, is ons eerste waarnemings die gees wat ons beleef tydens ons eerste saalperiode en so ook dan gees oor te dra aan die res van skool."

In Leith-huis het mnr Dries Van der Wal altyd die slagspreuk gebruik: "Dit is lekker om 'n mens te wees, solank jy net 'n lekker mens is." Hierdie slagspreuk het beslis 'n positiewe gesindheid onder die koshuisseuns gekweek en is 'n bewys daarvan dat die koshuis die gees van die skool bepaal. Mnr Craig Steyn, koshuisvader in Murray-huis se mening omtrent die gees van die seuns onder mekaar is die volgende: "Ek dink 'n ding wat by die koshuis seuns 'n groot rol speel is die feit dat hulle by die skool bly. Die koshuis word dus hulle huis en hulle kan dan 'n sin van verantwoordelikheid opbou teenoor die skool. Dit dra tot 'n groot mate by tot die gees onder die seuns, want almal is in dieselfde bootjie. Dit maak sin dat seuns wat saambly in die koshuis 'n hegte band vorm omdat hulle saam deur dieselfde uitdagings gaan."

Die skool is vir 'n koshuisseun nie nét 'n skool van 7:30 tot 13:45 nie, maar dit word sy ander 'huis'. Sy mede-koshuisgangers word sy broers.

Oorspronklik word die koshuis gesien as die hart van die skool en die sentrum van die skool se gemoed. Donderdae voor interskole kom die koshuis seuns bymekaar vir "singsongs" op die sirkel. Hiér klop die koshuis hart vinniger as ooit wanneer Viva la Grey weergalm oor die tjoepstil skoolgronde. Yster slyp yster en vriende vorm mekaar, maar die koshuis se gees sal altyd bly.

**- KOLBE KOLVER**



**Seuns vorm hegte bande terwyl hulle in die koshuis bly. Foto: Argief**

# Sounds the call to come together and united we shall stand... or not?

## Strength lies in our differences and not in our similarities







Earlier this term we experienced what seemed to be quite a shock at how different and diverse we really are, in the form of a song none of us sing too often: the National Anthem. In an attempt to familiarise us with the National Anthem, we were told that we would be singing it every Monday in assembly. Unfortunately, it seemed that our lack of practise had led to an apparent lack of understanding, shenanigans and unintended disrespect to different cultures in the school...and when I say "unintended" I mean exactly that.

Because although we have our differences; there was no animosity in what happened. To the people committing the act it was just mischievous fun, a joke that had more backlash than was intended because that tends to happen with some jokes; they're made without thought as to what other people think because the individual just sees it as poking fun. And, as admirable as the actions taken afterwards were, there should have been a call for patience and negotiation. It was a bad joke. And we can bring up as many points as we want: "Racism", "Lack of understanding due to language barriers", "Oversensitivity." But the fact remains - it happened. And standing up for equal treatment is all well and good if you know what you're trying to achieve, and the general response to why the actions were taken was, "so that they can do something."

What something? And which they?

The other side was no better for just trying to brush it off. Yes, it was meant as a joke, but it developed into something of which the actual origins need to be understood. Nobody was angry because we couldn't sing a song properly, it was because of the meaning behind it.

We've all grown up in environments with different biases, languages and ideas of how things work, so it's unavoidable that we'd disagree on some topics. A likely main contributor to how this happened was language, because at school we're not taught all the official languages of our diverse country. So it may have been unintentional and funny in a laughing-at-ourselves kind of way. Which is most likely how it started and we just kept the ball rolling. The best jokes are the ones we don't intend. I don't think I'm alone when I say I've never really checked if I was ever singing the National Anthem correctly. I've just gone along with the way everyone around me sang it, never bothering with the how or why it's said, which I'm sure many of us are guilty of. None of us do it on purpose, it was just never a focus. It is probably a good thing that the situation's passed – but let's do our best to remain understanding.

The purpose of a national anthem is to create a common identity among citizens of a country, no matter how diverse. Similar to how the school song and Grey in Union unites the learners of Grey College, no matter how diverse.

REVIEW

## xXx: The return of Xander Cage delivers action-packed scenes

***Genre:* Action**
***Director:* DJ Caruso**
***Rating:* 8/10**

If you are looking for an action-packed movie that will blow your mind, this is the movie for you. Vin Diesel returns as Xander Cage in DJ Caruso's *xXx: Return of Xander Cage*. It was released on the 20th of January 2017 by Paramount Pictures.

Along with Vin Diesel there was Ruby Rose, Samuel L Jackson, the famous footballer Neymar, Nina Dobrev and Deepika Padukone.

There were some awesome moments in the movie like Xander riding over the Atlantic Ocean with a bike and him skiing on a forest. Much credit must go to the stunt coordinators of the movie because they thought and performed stunts that nobody has ever seen before and it was probably dangerous.

A group of four steals a device called the "Pandora's Box" from the CIA. The Pandora's Box is a device that crashes satellites at specific places and the user can choose where the satellite must crash.

Xander Cage is then found by CIA Agent, Jane Marke, to find the group of four. The leader of the group is called Xiang. After the meeting with Agent Marke, Xander makes a group of his own to find Xiang's group.

From there on is a chase for possibly the most dangerous device on Earth.

This is certainly the movie to watch and it deserves all the praise that it gets.

**- NATHI MOSALA**

# Grassy Spark takes the music scene by storm




The American and European music industries have always been well known for their production of musical greats, but in the past decade, the South African music industry has shown that it is more than worthy to join the main table.

In the year 2012 this was different. This was the year that brought 7 young and talented musicians together to perform their trade. This was the year that Grassy Spark was born. The idea of the band started when the two founding members Yanick Bathfield and Josh Riley wrote a song to impress a girl.

The two started by writing new songs and recording rough versions of these songs. This was when the idea to recruit new talent to add real value to the band was initiated. Since the start of their musical blend of reggae and rock, the band has continued to reach new heights with every passing year. In 2014, the band travelled to Zambia to perform at the Greenpops Reforest Fest.

The biggest highlight for the band, however, was without a doubt when the group had the privilege of opening for The Cat Empire and UB40 on their tour of South Africa. Both of whom have been major influences on the music careers of all 7 members of the band.

Old Grey and bassist of the band, Kevin Kok, was studying engineering with another member of the group when he was asked to join the band. His love for music started when he was in the Boere-orkes at Grey College.

Although the members of the band all have day jobs, they still find time to do what they love. Their dream is to one day travel to the United States and Europe to focus on what they were meant to do.

The beauty of the band lies in the relevance and authenticity to form a connection with the crowd at each and every show.

**- VALERIO CIRELLI**



**Grassy Spark band members.** **Photo: Supplied**



## GREY SPORTS DAY

### Rugby vs Waterkloof

| | | |
|---|---|---|
| First team | won | 67-12 |
| Third team | won | 56-0 |
| Fifth team | won | 62-0 |
| Sixth team | won | 100-0 |
| /16A | won | 102-24 |
| /16B | won | 40-3 |
| /16C | won | 67-0 |
| /16F | won | 55-12 |
| /15A | won | 33-12 |
| /15B | won | 17-5 |
| /14A | won | 79-7 |
| /14B | won | 108-0 |
| /14C | won | 118-0 |
| /14E | won | 25-24 |

### Rugby vs Southdowns

| | | |
|---|---|---|
| Fourth team | won | 48-0 |
| Seventh team | won | 55-5 |
| /16D | won | 29-12 |
| /15C | won | 107-0 |
| /15D | verloor | 12-17 |
| /14D | won | 67-0 |

### Hockey vs Waterkloof

| | | |
|---|---|---|
| First team | won | 8-1 |
| Second team | won | 3-1 |
| Third team | won | 2-1 |
| /16A | won | 2-0 |
| /14A | won | 4-1 |
| /14C | lost | 1-3 |

### Hockey vs Southdowns

| | | |
|---|---|---|
| Second team | won | 11-0 |
| /16B | won | 7-0 |

# Christopher se lopiefees boek plek in SA-Skolespan

*Voorste kolwer teken 369 lopies aan*



Christopher Schreuder het sy plek met puik kolfwerk oopgespeel. Foto: Verskaf

Raynard van Tonder en Christopher Schreuder is aan die einde van verlede jaar gekies vir die SA Skole-krieketspan.

Hierdie span is gekies na die afloop van die Khaya Majola Coca Cola o/19 nasionale krieketweek, wat aan die einde van verlede jaar plaasgevind het vanaf 16 tot 20 Desember in Bloemfontein.

Schreuder het van die tuisvoordeel gebruik gemaak en die toernooi geëindig as die voorste lopiemaker met 369 lopies. Hy het honderdtalle aangeteken teen beide Kwa-Zulu Natal en die Oostelike Provinsie en 'n gemiddeld van meer as 70 gehandhaaf deur die toernooi. Hierdie uitstekende prestasie het hom 'n plek in die SA Skolespan verseker.

Raynard van Tonder het 133* gedurende die wedstryd teen die Oostelike Provinsie gemoker, wat sy hoogste telling van die toernooi was. Van Tonder is ook aan die einde van 2015 vir dié span gekies is.

Verder is Van Tonder ook gekies vir die SA o/19-span, wat 'n reeks teen Zimbabwe en Sri Lanka gespeel het in die nuwe jaar. Hy het uitstekend gevaar met vyf vyftigtalle in dié reeks. "Die beste beurt wat ek gespeel het was toe ek 92* gemaak het teen Sri Lanka. Dit was 'n baie warm dag, die kolfblad het moeilik gespeel en dit het vir ons 'n wen verseker," sê Van Tonder.

Schreuder is vanjaar ook die kaptein van Grey se eerste krieketspan. Hy sê dat die belangrikste werk wat hy sal hê die jaar is om die span nooit moed te laat verloor nie en aan te spoor om te veg tot die einde toe en ook om 'n gemaklike atmosfeer binne die span te skep. "Ek sal graag weer die SA Skolespan wil maak by die Coke-week aan die einde van die jaar en my grootste doelwit is om ingesluit te word in die SA o/19 Wêreldbekerspan vir 2018."

**- JOHAN VAN ECK**

## Golfers positive about success in a year packed with events

This year Grey College had and is having an excellent year for golf, especially with the Grey Champs Golf Tournament that is taking place. The first leg of the annual tournament was held at the Schoeman Park Golf Club early in January this year, while the second leg of the tournament will be played at the Bloemfontein Golf Club, at a date yet to be finalised.

At this early stage of the tournament no clear winners have emerged, because a few more rounds of golf must still be played.

There can, however, already be referred to a top three which includes, in first place, Wilco Nienaber with rounds of 65, 70 and 72; in second place, AJ Bezuidenhout with rounds 73, 71 and 72 and in third place, Mosito Moloi with rounds of 78, 76 and 78.

Compared to last year the golf team has shown a lot of improvement from past teams, in spite of the fact that they lost several of the matric members.

"It is true that we have lost quite a few of our first team players that were in grade 12 in 2016, but the current first team is also a strong side that has developed over the years. I am positive that we will be able to do well this year, especially in some of the bigger tournaments," says Mr Martin Jansen van Rensburg, head of Golf at the school.

Other tournaments that the Grey College Golf Team is taking part in include the Gary Player Tournament on 18 March in Colesberg, a highlight for the year.

The Affies Tournament takes place on 4-9 April, the SA Schools tournament on 1-5 August, the Grey High Tournament on 11-13 August as well as all the respective Grey College inter school tournaments.

**- DANIEL EDWARDS**







# Koshuis kraai koning by Grey-kampioenskap

Dis die Koshuis teen die Stad en die vonke gaan weer spat. Die begin van die skool se atletiekjaar is weer ingelui deur die Grey Atletiek-kampioenskappe, wat aan die einde van Januarie aangebied is by die Vrystaat Atletiekstadion.

Die doel van die Grey-kampioenskappe is egter om die skooljaar op 'n geesdriftige manier af te skop en ook om vir die nuwe graad 8-leerders te leer dat Grey 'n baie kompeterende skool is en dat jy as 'n span moet werk om sukses te behaal.

Dié byeenkoms is kenmerkend in twee opsigte. In die eerste plek neem al die graad 11 Koshuis-leerders deel met oranje dasse en blou gesigte, en tweedens is dit die plig van al die Koshuis-"Newies" om aan elke item deel te neem ten einde te verseker dat Koshuis die byeenkoms wen. Dit was dus geen verrassing toe Koshuis nogmaals met die louere weggestap het nie.

Mnr Marnus van Wyk, een van die hoofde van atletiek by Grey, sê: "Vir my was die hoogtepunt die aflosse waar Koshuis in elke ouderdomsgroep gewen het asook al die koshuismanne wat met 'n positiewe gesindheid die dag aangepak het en so ook weer die byeenkoms gewen het. Die gees by die Grey- kampioenskappe bied 'n effek wat op geen ander byeenkoms ervaar kan word nie. Dit is wat Grey anders maak as ander skole. Die Oranje- en Eunice-meisies wat aan die aflosse deelgeneem het, het ook 'n goeie effek op die seuns op 'n unieke wyse gehad omdat die seuns na 'n lang dag se deelname en geesbou nog steeds die Grey-waardes kan voortbou deur as regte Grey 'gentlemen' te kan optree voor die meisies".

Janco van Heyningen, stadsleerling en atletiekkaptein sê: "Die Grey-kampioenskappe is soos Grey se saal, die hart van die skool, en kan beskou word as die hart van al die byeenkomste. Die hoogtepunt vir my was om die laaste keer saam my vriende die items te geniet, want atletiek self is nie 'n groot spansport nie; so om dit saam jou vriende te doen maak dit beter. Ek moet erken dat Koshuis die meeste tot die gees van die byeenkoms bydra, maar tog bly dit steeds Grey. Ek word ook positief beïnvloed deur hulle gees en presteer dan nog beter vir Grey."

**- FERDINAND FERREIRA**



'n Wegspring by die Grey-kampioenskap. Foto: Hanro Cloete

## Waterpolo se harde werk vroeg in seisoen vorm grondslag

*(vervolg van bladsy 12)*

Louis Gouws, eerstespan-kaptein, sê dat die ondersteuning van die ouerkomitee 'n groot bydrae gelewer het tot die span se sukses in die toernooi, asook dat die ondersteuning van die Grey-leerders fantasties was. Mnr Adrich sê: "Ons het 'n baie jong groep met min ervaring. Ons wil soveel wedstryde speel as wat ons kan om ondervinding op te doen." Die span leer vinnig en hulle hoop dat hulle weer vroeg na die winter kan begin oefen.

Beide Louis en mnr Aldrich reken dat daar egter 'n blink toekoms vir Grey se waterpolo voorlê omdat die potensiaal ongelooflik is met jong spelers wat deurkom. Hulle ontwikkeling van basiese vaardighede is belangrik op dié stadium om hulle spel ten volle te verbeter.

Die eerstespan se sterkste opponente in die swembad vanjaar is onder andere Selborne College, Grey Port Elizabeth en Affies. Mnr Aldrich en Louis is van mening dat een van die grootste uitdagings vir die span is dat hulle die enigste skool in Bloemfontein is wat waterpolo aanbied. Dit het tot gevolg dat hulle ver afstande moet ry om goeie wedstrydoefening te kry of hulle jaarlikse toere by te woon.

\- PIETER SMITH

### WATERPOLO UITSLAE

**Eerstespan**

| | | |
|---|---|---|
| Crawford College | verloor | 4-5 |
| Selborne College | verloor | 4-8 |
| St Benedict's | wen | 5-2 |
| Pearson | wen | 6-2 |
| Clifton | verloor | 2-8 |
| St David's | wen | 5-4 |
| Northwood | verloor | 3-6 |

# Philip Henning kwalifiseer vir Junior Australiese Ope

## *Vierde speler in geskiedenis haal Grand Slam*




**Philip Henning lyk heel tuis in Melbourne, Australië.** **Foto: Verskaf**

Philip Henning het die uitsonderlike prestasie behaal deur te kwalifiseer om aan die hooftrekking van die Junior Australiese Ope Tennistoernooi deel te neem, wat plaasgevind het van 16 tot 29 Januarie 2017 in Melbourne Park, Australië.

Hierdie prestasie het hom een van net vier Grey-leerders gemaak in die skool se geskiedenis om aan 'n Junior Grand Slam-toernooi deel te neem.

Die ander drie deelnemers was Gustav Fichardt, wat aan die Junior Franse Ope en Junior Wimbledon deelgeneem het in 1982 en 1983 en Jaco Makkink en Stefan van Schalkwyk wat in 1986 aan die Junior Wimbledon deelgeneem het.

Vanaf 9 tot 19 Desember 2016 was Philip ook 'n lid van die Suid-Afrikaanse SASCOC-span wat deelgeneem het aan die o/20 2016 Afrika Unie Streek 5-spele in Luanda, Angola. Suid-Afrika het uitstekend presteer deur die goue medalje te verower in die spankompetisie, en Philip het goud in die dubbelspel en gemengde dubbelspel en silwer in die mans enkelspel verower.

Philip het ook deelgeneem aan die o/18 Afrika-Kampioenskappe in Tunisië van 6 tot 12 Februarie 2017, waar hy tot in die kwarteindrondte gevorder het in die enkels en tot in die finaal met die dubbels.

Volgens Philip was die hoogtepunt van sy jong tennisloopbaan om aan die Australiese Junior Ope deel te neem. Dit was vir hom 'n inspirerende ondervinding.

Philip sê dat tennis hom geleer het om nooit op te gee nie en in homself te glo, al is die omstandighede teen jou. *"When the occasion demands it, the Grey boy always comes up to scratch."*

\- GUSTAV PIETERSE

## CALENDER

### 2017 SECOND TERM

**12-17 April**
KES Hockey Festival (Johannesburg)

**12-15 April**
St Stithians Tennis Festival (Johannesburg)

**28 April-1 May**
Wildeklawer Rugby Tournament (Kimberley)

**5-6 May**
Interschool Affies (Bloemfontein)

**12-13 May**
Interschool Paarl Boys High (Bloemfontein)

**18-21 May**
Kearsney College Tennis Festival (Durban)

**19-20 May**
Interschool Selborne College (East London)

**27 May**
Provincial rugby trials (Bloemfontein)

**3 June**
Hostels Open Day Grey College

**8-10 June**
Free State rugby trials (Bloemfontein)

**17 June**
Rugby Unions Day
To be confirmed

**9-14 July**
Grant Khomo u/16 Rugby (Bloemfontein)

**17-21 July**
Coca-Cola Craven Week (Johannesburg)

## Westville is net-net te sterk vir Grey se swemmers

Grey Kollege se swemspan het vanjaar weer uitstekend gevaar. Hulle het 'n algehele tweede plek tydens die Westville-gala verwerf en 'n algehele eerste plek tydens die Affies-gala. Die swemspan het ongelukkig net-net die knie gebuig teen 'n baie sterk Westville-swemspan en met slegs 11 punte verloor nadat Grey vir 'n groot gedeelte van die gala voor geloop het.

Vir die Grey-swemspan bly die Westville-gala altyd 'n hoogtepunt, omdat dit 'n maatstaf is om hulself teen die beste swemskole in Suid-Afrika te meet. Daar kan dus geredeneer word dat Grey die tweede beste swemskool in Suid-Afrika is. Omdat die Westville-gala slegs 'n aflosgala is, waar al vier slae as aflosse geswem word, asook die wisselslag -aflos in elke ouderdomsgroep, (onder 14, 15, 16, 17 en 19) toets dit duidelik die diepte van 'n skool se swemspan.

Dit bring ook die beste in elke swemmer na vore, omdat niemand sy spanlede in die steek wil laat nie. Daar kan ook dan hieruit afgelei word dat Grey se swemspan baie diepte het. Van die grootste prestasies van die gala is die o/16-span, wat die kruipslag-, borsslag- en wisselslag-aflos-rekords verpletter het en die o/15's wat die kruipslag-rekord gebreek het. Daar staan nou 6 Grey-rekords op die Westville-boeke! Die volledige puntetabel van die gala lyk as volg:

DHS was in die tiende plek met 29 punte, Maritzburg behaal 86 punte, Kearsney eindig met 100 punte, Westville B het 'n sesde plek behaal met 116 punte, Glenwood behaal 124 punte, Clifton is vierde met 149 punte, St Benedicts behaal 160 punte, St Davids eindig met 181 punte, Grey eindig tweede met 230 punte, elf punte agter Westville met 241 punte.

Volgens Me Heléne du Toit, hoof van swem by die skool, was die gees van die span uitsonderlik en dat die span baie gedissiplineerd was en dit 'n voorreg was om met so 'n span te werk. Juan Milne, graad 11-lid van die swemspan, glo dat Grey se swemspan volgende jaar net nog hoër hoogtes sal bereik en dat harde werk beloon sal word.

Die swemmers het ook uitstekend gevaar tydens die Affies-gala waar hulle 'n algehele eerste plek behaal het. Hulle het ook met die grootste punte-verskil sedert die begin van die gala 10 jaar gelede gewen.

\- HENKO DELPORT



**Die Gustav Fichardt-swembad, waar alles begin.** **Foto: Eric Diswane**

## Muurbalspan stel eie standaarde

Grey Kollege het die naweek van 10-12 Februarie aan die jaarlikse FNB Saint Andrews Muurbaltoernooi deelgeneem. Hierdie toernooi gee jaarliks aan Grey se eerste muurbalspan die geleentheid om teen van die beste skole in die land mee te ding.

Grey het baie goed gevaar en drie van die vyf wedstryde gewen. Die resultate is as volg: Maritzburg Kollege 2 – 4; Kearsney Kollege 6 – 0; Pretoria Boys High 2 – 4; St Stithians 5 – 1 en St Dominics 6 – 0.

Johan van Eck, Grey se muurbalkaptein vir 2017, het 'n puik voorbeeld gestel en al vyf sy wedstryde gewen.

Me Karen Venter, Grey se muurbalhoof, sê: "Die beste manier om jouself te verbeter is om jou teen die beste te meet."

Sy noem verder dat dit die rede is waarom die skool sedert 2016 ook deelgeneem het aan muurbaltoernooie buite Bloemfontein, soos die St Stithians *'Easter Festival'* en die *'Stayers Festival'* by Wynberg.

Die Saint Andrews-toernooi het ook heelwat Grey-ondersteuners gelok, wat die hele ervaring vir die spelers net lekkerder gemaak het. Die interskole lê nou voor en 'n stewige grondslag vir goeie prestasie daarin is die afgelope paar seisoene gelê.

\- BERNHARD BÜHRMANN



Grey Kollege Sekondêr BLOEMFONTEIN Grey College Secondary | www.gcb.co.za
JAARGANG | VOLUME 51 • UITGAWE | EDITION 1
Maart | March 2017

# SPORT

## muurbal

### Span stel hoë standaarde

Die jaarlikse St Andrew's muurbaltoernooi bied aan Grey se eerstespan die geleentheid om teen die beste skole in die land mee te ding.

Dié span het drie van hulle vyf wedstryde gewen maar teen sterk opponente verloor.



**Bladsy 11**



## waterpolo

# VROEË BEGIN SORG VIR SUKSES

## Drie strydrosse bereik hulle honderdtalle vir die eerstespan



**Louis Gouws, kaptein van die eerste waterpolospan - en een van die hardwerkende spanlede.** **Foto: Eduard Büchner**

Grey Kollege se eerste waterpolospan het aan die einde van Januarie aan die Itec-toernooi deelgeneem, wat weer vanjaar by die skool se Gustav Fichardt-swembad, aangebied is.

Die eerstespan eindig vanjaar sesde in die toernooi, die eerste keer in tien jaar wat dié span vir die kwarteindrondte kon kwalifiseer. Dit is 'n puik prestasie, veral gesien in die lig van die gehalte van die opponente wat jaarliks aan dié toernooi deelnaam.

Tydens die toernooi het Matthew Lahoud, Louis Gouws en Sheldon Skea, al drie matriekleerders, ook hulle honderdste wedstryd vir Grey se eerstespan gespeel.

Dit kan beskou word as 'n uitmuntende prestasie, nie net vir die leerders nie, maar ook vir die skool. Matthew wen ook die prys vir die beste doel van die toernooi.

Mnr Paul Aldrich, afrigter van die span, sê: "Hierdie jaar se waterpolospan is besonders en uniek in vergelyking met die laaste tien jaar se spanne. Hulle oefen reeds vanaf die 4de Januarie. Ons ouers en ons spelers maak besondere opofferings om die span te help en lewer bydraes in alle terreine."

*(res van berig op bladsy 11)*

## tennis



Philip Henning kwalifiseer vir die Junior Australiese Ope. **Bladsy 11**

## krieket

### Schreuder kry SA-Skole



Christopher Schreuder het goed gebruik gemaak van die tuisveld-voordeel om die Khaya Majola-toernooi te eindig as die voorste lopiemaker met 369 lopies. **Bladsy 10**

## atletiek

### Koshuis seëvier

Koshuis het die Grey-atletiekbyeenkoms gewen met 'n kombinasie van spangees en massadeelname..

**Bladsy 10**

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Clover
Way Better™
Official sponsor of Grey Rugby

UP TO R10 MILLION
LIFE COVER IN ONE SIMPLE CALL
LET 1LIFE HELP PROTECT YOUR CHILD'S FUTURE DREAMS
ONE PHONE CALL NO PAPERWORK
NO MEDICALS REQUIRED
SMS 'LIFE' to 43867** and we'll call you back, or visit www.1Life.co.za for an online quote and more information.
**Standard SMS rates apply.
1Life Changing Lives
BRAVE/1LIFE/1691/E/S
* Risk profile dependent. Terms and conditions apply. 1Life Insurance Limited is an authorised financial services provider (FSP licence number 24769). 1Life Changing Lives is a trademark of 1Life Insurance Limited.

vivid designs 082 576 3143